

3 SPORT EN KULTURELE ONTWIKKELING3.1 Sportbetrekkinge

Die Witwatersrandse goudvelde, waarom soveel ekonomiese, politieke en sosiale wel en weë gewentel het, het 'n bevolking gehuisves waarvan die geaardheid, sedes en kulturopvattinge oorheersend in kontras gestaan het met dié van die gevestigde Afrikaanse burgers van die staat. Die groot getal vreemdelinge wat die Witwatersrandse gebied, op soek na goud, binne gestroomhet – teen 'n veel groter tempo as die oorspronklike bevolking, met hulle Britse politieke agtergrond, taal en kultuur, het algaande groter eise aan die staatsadministrasie gestel. 'n Moderne Europese nywerheidsgemeenskap het snel in die hartjie van 'n selfversorgende Boerebevolking ontstaan en kultuur en ander verskille het assimilasie byna onmoontlik gemaak.<sup>1)</sup> Die nuwe inkomelinge was meestal afkomstig uit Brittanie met 'n eeue-oue bloeiende kultuur,<sup>2)</sup> en op die Witwatersrand, was hulle glad nie geneë om hulle met die Afrikaner en sy, by uitstek Boerekultuur te vereenselwig nie.<sup>3)</sup> Met die Afrikaner hoofsaaklik nog op die platteland gevestig,<sup>4)</sup> het dit meegebring dat die kultuur en georganiseerde sportlewe deur die uitlanders bedryf is, en dit volgens hulle eie tradisionele beskouinge.

Dorpe op die Witwatersrand het, soos die goudmynbedryf ontwikkel het, steeds in inwonertalle toegeneem<sup>5)</sup> en die sport en kulturalewe het dienooreenkomsdig al hoe meer 'n belangrike faset van die gemeenskapslewe uitgemaak.<sup>6)</sup> Krugersdorp het in die opsig nie agtergebly nie, want in die negentigerjare het daar 'n groot aantal sport- en kulturele verenigings beslag gekry wat steeds gegroei het sodat dit binne enkele jare na Krugersdorp se ont-

1) C.L. Grimbeek: Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling R.A.U., 1969), p. 9.

2) G.D. Scholtz: Oorsake I, p. 266.

3) W.F. Regan: Boer and Uitlander, p. 7; C.L. Grimbeek: a.w., p. II.

4) G.D. Scholtz: Oorsake I, p. 266.

5) Vergelyk Johannesburgse groei (The Standard and Diggers' News, 2/4/95).

6) A. Coetzee: a.w., pp. 61 e.v.

staan al in die opsig bedrywig was. Soos elders op die Witwatersrand het Engelssprekendes dus die grondslag van die sport en kultuurlewe gele.<sup>7)</sup> Hieraan het die Afrikaner 'n minderheidsbelang gehad en gevoglik is dit geheel en al deur Engelssprekende uitlanders oorheers.<sup>8)</sup>

Gedurende die eerste aantal jare na die stigting van die dorp was daar nog nie sprake van grootskaalse georganiseerde sportbedrywighede nie. Die afwesigheid van geriewe was 'n struikelblok, maar liefhebbers van die verskillende sportsoorte, het spoedig die inisiatief geneem en hulle beywer om die opeilugsportsoorte op die dorp te vestig.<sup>9)</sup> Hiertoe het 'n aantal regeringsamptenare 'n bydrae gelewer want van die eerste amptenare, soos dr. Viljoen, die distriksgeneesheer,<sup>10)</sup> landdros Human en mynkommissaris Burger, was bekwame sportadministrateurs wat 'n groot rol in sportontwikkeling op Krugersdorp gespeel het.

Dit is opvallend dat in die beoefening van sportbedrywighede sekere sportsoorte voorkeur geniet het. Die Afrikaner het in die distrik hoofsaaklik skyfskiet as sport beoefen<sup>12)</sup> terwyl boeresport by sekere feestelike geleenthede groot byval gevind het.<sup>13)</sup> By die Engelssprekende uitlanderbevolking was die "uitheemse" sportsoorte soos veral krieket, fietsry, tennis en perde-wedrenne gewild.<sup>14)</sup> Aan dié sportsoorte het die Afrikaner vanweë sosiale verwydering, kultuur en ander verskille, geen deel gehad nie; 'n toedrag van sake wat oral op die Witwatersrand op sportgebied te bespeur was.

- 
- 7) Johannesburg is hier 'n uitstaande voorbeeld, (A. Coetzee: a.w., op. 61 e.v., G.A. Leyds: a.w.).
  - 8) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 22/2/96, 29/2/96, 2/5/96; The Krugersdorp Standard, 19/8/99.
  - 9) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 29/2/96.
  - 10) B. Burger: a.w., p. 6.
  - 11) Ons Volk, 30/5/96.
  - 12) Ibid., 22/8/96, 24/10/96, 18/5/97, 16/6/97; P.H. Kapp: Ons Volksfeeste (P.W. Grobbelaar (red.): Die Afrikaner en sy kultuur, pp. 184-185).
  - 13) Paardekraal, Majuba-en Dingaansfeesvieringe (The Star, 17/12/90; Ons Volk, 29/2/96).
  - 14) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 22/2/96, 2/5/96.

Die talle vreemde sportsoorte wat op die Witwatersrandse dorpe beoefen is, het noodwendig meegebring dat die Afrikaner in die myndorpe op sportgebied in die agtergrond was.

### 3.2 Sportbedrywighede

#### 3.2.1 Skyfskiet

Dit was 'n vername sportsoort waaraan veral die Boeregemeenskap deelgeneem het.<sup>15)</sup> Tesame met perdesport was dit een van die enigste sportsoorte wat deur die Afrikaner georganiseerd beoefen was.<sup>16)</sup> Vir die doel het skietverenigings tot stand gekom.<sup>17)</sup> Skyfskiet was ook 'n vername item tydens feesgeleenthede.<sup>18)</sup> Die Boer se liefde vir sy geweer was 'n bydraende faktor tot die gewildheid van die sport<sup>19)</sup> en daarnaas het deelname veel bygedra tot die burgers se militêre paraatheid.

In Krugersdorp en distrik is met verloop van tyd 'n aantal skyfskietwedstryde aangebied.<sup>20)</sup> Somtyds is 'n intreefooi gehef wat gewissel het na gelang van pryse wat aangebied is.<sup>21)</sup> Die getal pryse en die waarde van die wenprys is deur elke skietvereniging bepaal en baie skyfskietwedstryde is vir twee groepe burgers aangebied, naamlik vir burgers bo 16 jaar en vir jongelinge onder 16 jaar.<sup>22)</sup> Die burgers van Krugersdorp het met groot geesdrif aan die sport deelgeneem, maar die standaard van die skiet was nie altyd te waffers nie.<sup>23)</sup>

Uit 'n suiwer militêre oogpunt en om te sorg dat die burgers steeds in 'n goeie staat van afgrigting en voorbereiding gebly het, ingeval hulle

15) P.H. Kapp: a.w., p. 184.

16) Ibid., pp. 184-187.

17) Ibid., pp. 184-185; Ons Volk, 20/3/97, 30/6/97.

18) Bepaald tydens die Paardekraalfeesvieringe (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 19/12/96; P.H. Kapp: a.w., p. 52).

19) J.H. Breytenbach: Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902 I, pp. 29-30.

20) Vergelyk Ons Volk, 22/8/96, 16/6/97, 30/6/97.

21) Ibid., 24/10/96, 18/5/97.

22) Ibid., 30/6/97.

23) Ibid.

gemobiliseer moes word, is in opdrag van die kommandant-generaal gereelde wapenskoue en/of wyksskietoefeninge gehou waaraan dienspligtige burgers vrywillig kon deelneem,<sup>24)</sup> volgens regulasies wat daarvoor opgestel was.<sup>25)</sup> In die organisasie van die skietoefeninge het die veldkornet 'n belangrike rol gespeel.<sup>26)</sup> Hy moes die burgers kennis gee van die skietoefeninge en die uitreik van ammunisie hanteer. Skietoefeninge het jaarliks plaasgevind; die vir die burgers van wyk I naby die monument.<sup>27)</sup> Die sportsoort het as deel van die burgers se militêre oefening 'n belangrike bydrae gelewer tot hulle bedreve hantering van die geweer.<sup>28)</sup>

### 3.2.2 Perdewedrenne

Kenmerkend van die dorpe met 'n sterk uitlandergemeenskap was die feit dat perdewedrenne 'n vername sportbedrywigheid geword het.<sup>29)</sup> In Johannesburg is die eerste perdewedren gehou skaars ses maande na die stigting van die dorp. In die wedrenne het weddenskappe 'n belangrike rol gespeel en groot bedrae geld is as prysgeld uitbetaal.<sup>30)</sup>

Sover vasgestel kon word, is perdewedrenne een van die eerste sportsoorte wat op Krugersdorp<sup>31)</sup> gehou. Reeds op 2 April 1888, binne 'n jaar na die stigting van die dorp, het die "Krugersdorp Turf Club" 'n byeenkoms aangebied wat vir verkillende wedrenne georganiseer was. Een van die eerste perdewedrengeesdriftiges was Abner Cohen. Sy perd "Surprise" het op 'n keer 'n wedren gewen "owing to the Committees finding that three of the other horses were overage."<sup>32)</sup> Cohen se belangstelling in die sportsoort het nie tot deelname beperk gebly nie, maar hy is in November 1888 verkies tot een van die bestuurslede van die perdewedrenklub.<sup>33)</sup>

24) J.H. Breytenbach: a.w., p. 32.

25) Krugersdorp 85: Veldkornet B.J. Viljoen - Kommandant-generaal, 13/2/97; Ons Volk, 20/3/97; Krugersdorp 8: Kommandant-generaal - Spesiale Landdros, 29/1/97.

26) Krugersdorp 85: Veldkornet B.J. Viljoen - Kommandant-generaal, 13/2/97.

27) Ibid., Veldkornet B.J. Viljoen - P.H. de Villiers, veldkornet Roodepoort, 21/2/99.

28) J.H. Breytenbach: a.w., p. 32.

29) L.E. Neame: a.w., p. 86.

30) Ibid., pp. 30-31.

31) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

32) Ibid.

In die negentigerjare het die sport vinnig veld gewen. Welvarende sakelui het al hoe meer geld op perde gewaag terwyl 'n aantal sakemanne hulle eie resiesperde besit het wat aan wedrenne op Krugersdorp en Johannesburg deelgeneem het.<sup>34)</sup> "The Krugersdorp Turf Club" het gereeld wedrenne aangebied<sup>35)</sup> op die baan wat waarskynlik naby die huidige myndorpie, Wesrand, geleë was.<sup>36)</sup> In Maart is die "Autumn Race" aangebied, gevolg deur die "Winter Race" in Mei en die "Spring Handicap" in Oktobermaand.<sup>37)</sup> Elke wedren het sy eie prysgeld gehad en by geleentheid was die prysgeld vir die "Krugersdorp Handicap" £125 en die laagste prysgeld was £25.<sup>38)</sup>

Die perdedwedrenklub het onder leiding van 'n uitvoerende komitee gestaan wat jaarliks verkies is.<sup>39)</sup> Dr. Viljoen was voorsitter tot in 1896 toe hy deur F.L. Biccard opgevolg is.<sup>40)</sup>

### 3.2.3 Krieket

Krieket as 'n tipiese Engelse sportsoort is teen 1896 al op 'n georganiseerde basis op die dorp gespeel.<sup>41)</sup> Wanneer die eerste krieketwedstryd gespeel is, kon nie vasgestel word nie, maar vanaf 1896 is gereelde wedstryde teen omliggende klubs, soos Princess, Roodepoort, West Rand Mines en teen klubs van Johannesburg, gespeel.<sup>42)</sup> Wedstryde het op Sondae plaas gevind niteenstaande die besware van sommige inwoners kragtens die Sondagwet daarteen.

---

34) Ibid.

35) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 22/2/96, 29/2/96, 24/9/98.

36) Meegedeel deur Mev. A. Dommisse, vroeër historikus van die Krugersdorpse Stadsraad.

37) Ons Volk, 30/5/96; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 24/9/98.

38) Ibid.

39) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 29/2/96.

40) Ibid.

41) Ibid., 15/2/96.

42) Ibid., 14/3/96, 26/9/96, 7/11/96. Wedstryde is gespeel op gronde wat naby die Varleys Hotel geleë was.

Die sport het aanvanklik 'n klein aanhang op die dorp gehad soos blyk uit die feit dat die "Krugersdorp Nomads Cricket Club" slegs 15 spelers tot sy beskikking gehad het waaruit 'n span saamgestel moes word.<sup>43)</sup> Die gebrek aan belangstelling was verantwoordelik vir 'n swak seisoen gedurende 1895-96 en 'n dringende beroep op meer geesdrif is gedoen.<sup>44)</sup> Die hoop is uitgespreek dat 'n sterk klub opgebou moes word sodat Krugersdorp goeie rekenskap van homself teen ander klubs kon gee. Die oproep het vrugte afgewerpt en in 1897 was daar 'n merkbare oplewing in belangstelling vir die spel. Meer krieketspelers het na vore getree en teen November 1896 was die klub nog daardie seisoen onoorwonne.<sup>45)</sup> In die 1898-99 seisoen is die goede werk van die vorige seisoen voortgesit en van die sowat 16 wedstryde wat gespeel is, is 10 gewen.<sup>46)</sup>

Teen die einde van die Republiekinse tydperk was krieket al 'n gevestigde sportbedrywigheid op Krugersdorp. Dié opgang in 'n relatief kort tyd, het getuig van harde werk om na aanvanklike terugslae die sportsoort uit te bou.

### 3.2.4 Fietsry en atletiek

Teen die middel negentigerjare was daar alreeds 'n aantal geesdriftige fietsryers wat gedurende naweke en vakansietye bedrywig was. Aanvanklik het die fietsry-entoesiaste as individue aan die sportsoort deelgeneem, maar namate die belangstelling toegeneem het, het die behoefte aan 'n fietsryklub sterker geword.<sup>47)</sup> Daardeur kon fietsry op 'n meer georganiseerde basis aangebied word; te meer omdat Luipaardsvlei, 'n naburige myndorpie, alreeds oor 'n klub beskik het. Aan die verwagtinge is nie teleurgestel nie, want sover vasgestel kon word, is "The West Rand Amateur Cycling Club"<sup>48)</sup> in 1898 gestig.

43) Ibid., 22/2/96.

44) Ibid., 12/9/96.

45) Ibid., 7/11/96.

46) The Krugersdorp Standard, 22/7/99.

47) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 25/4/96.

48) Ibid., 12/3/98.

Blykbaar het die klub onder meer padwedrenne georganiseer waarby fietsryers oor langer afstande teen mekaar gewedywer het. Sulke wedrenne tussen dorpe het heel dikwels plaasgevind.<sup>49)</sup> Die prysgeld vir 'n padwedren tussen Krugersdorp en Johannesburg was £25<sup>50)</sup> en die uitloof van prys was 'n faktor wat 'n groot aantal fietsryers aangespoor het om aan sulke wedrenne deel te neem. Hoewel die belangstelling groot was, het die hoë liggaamlike eise wat padwedrenne gestel het baie fietsryers gedwing om tou on te gooi voordat die eindpunt bereik kon word.

'n Ander interessante verskynsel was dat sekere fietsryers mekaar uitgedaag het. Die uitdaging tussen 'n sekere Pretorius en Day in 1898<sup>51)</sup> op die baan van die Lancastermyn, oor 'n afstand van agt kilometer, het wye belangstelling geniet.<sup>52)</sup> Interessant ook was die feit dat fietsreisies vir dames plaasgevind het. Op 'n byeenkoms om die President se verjaarsdag op 10 Oktober 1898 te vier, was so 'n item op die program,<sup>53)</sup> maar hoe gewild die nommer was, kon nie bepaal word nie. Aan die anderkant was fietsreisies vir dames glo baie gewild in Johannesburg.<sup>54)</sup>

"The West Rand Amateur Cycling Club" was behalwe vir georganiseerde fietsry ook verantwoordelik vir die aanbieding van atletiekbyeenkomste.<sup>55)</sup> 'n Byeenkoms wat in 1898 gehou is, waartydens fietsry en atletieknommers aangebied is, is beskryf as die suksesvolste sportbyeenkoms wat tot op dié stadium op die dorp gehou is.<sup>56)</sup> Die byeenkoms het plaasgevind op die terrein waar die "Town School" later in Humanstraat opgerig sou word en blykbaar was die baan voorsien van 'n redelike groot pawiljoen.<sup>57)</sup>

---

49) Ibid., 4/6/98.

50) Ibid., 17/9/98.

51) Ibid., 23/4/98.

52) Ibid. Die baan was suid van die huidige spoorwegstasie geleë.

53) Ibid., 24/9/98.

54) L.E. Neame: a.w., p. 84.

55) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 12/3/98.

56) Ibid.

57) Ibid.

Atletieknommers is as deel van die program aangebied tydens die Majuba-  
en Paardekraalfeesvieringe<sup>58)</sup> en dikwels ook ter herdenking van die  
President se verjaarsdag.<sup>59)</sup> Items soos toutrek, driebeenraces en kus-  
singgevegte het vir die nodige vermaak gesorg, maar atletieknommers soos  
verspring, hoogspring en naellope is ook aangebied.<sup>60)</sup> Hierdie byeenkom-  
ste het nie plaasgevind ter wille van georganiseerde atletiek nie, maar ter-  
wille van 'n bepaalde feesgeleentheid met die doel om die nodige vermaak  
in die gees van die Afrikanertradisie te verskaf. Hierdeur is aan oud en  
jonk die geleentheid gebied om aan die feesverrigtinge deel te neem deur  
aan hom vermaak, eie aan sy kultuur, te verskaf.<sup>61)</sup> Aan die anderkant  
het die klem op georganiseerde atletiek volgens die Britse inslag op sport-  
wedywering geväl en nie op vermaak ter wille van 'n bepaalde feesgeleent-  
heid nie.

### 3.2.5 Rugby

Op die Witwatersrand was rugby as sport in die negentigerjare alreeds  
gevestig. In 1891 het 'n Britse toerspan Suid-Afrika besoek en 'n aantal  
wedstryde is teen Johannesburgse klubs gespeel waardeur die spel op die  
<sup>62)</sup> Witwatersrand grootliks bevorder is. Aan die beginjare was dit weer

- 
- 58) Ons Volk, 27/2/97; P.H. Kapp: a.w., p. 55. Ook tydens die jaar-  
likse Dingaansfeesvieringe (The Star, 19/12/90).
  - 59) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 24/9/98.
  - 60) Ons Volk, 20/2/97; The Krugersdorp Times and West Rand Adver-  
tiser, 19/12/96; The Star, 12/12/90.
  - 61) In 1896 het selfs kinders aan die Paardekraalfeesvieringe deelgeneem  
(P.H. Kapp: a.w., pp. 52-55).
  - 62) D.H. Craven: Springbok Annale-internasionale toere na en van Suid-  
Afrika 1891-1964, pp. 7-17.

eens hoofsaaklik Engelssprekendes wat aan die spel deelgeneem het<sup>63)</sup> en deur hulle initiatief het klubs tot stand gekom waardeur die spel grootliks bevorder is. Een van die oudste klubs in Johannesburg, die Wanderers-klub, wat in 1889 gestig is,<sup>64)</sup> het fasiliteite beskikbaar gestel vir die beoefening van 'n groot aantal sportsoorte. Hierdeur het rugby op die Rand populêr geword en ander klubs het weldra beslag gekry.

Teen 1896 was rugby al 'n gewilde sport op die omliggende Krugersdorpse myne. Wedstryde tussen mynspanne het gewoonlik baie toeskouers gelok<sup>65)</sup> en kragmetings tussen bogondse en ondergrondse werknemers van die myne is met groot geesdrif afgespeel.<sup>66)</sup> Neteenstaande die belangstelling vir rugby op die myne, kon die spel op die dorp aanvanklik nie op dreef kom nie. Weliswaar was daar 'n klub bekend as "Krugersdorp Rovers"<sup>67)</sup> wat in 1896 gestig is,<sup>68)</sup> maar die klub het nie altyd die nodige toewyding gelok nie en oefeninge het somtyds vir weke nie plaasgevind nie.<sup>69)</sup> Die gebrek aan belangstelling was blykbaar toe te skrywe aan die feit dat die meeste jong spelers as werknemers van die myne vir die mynspanne diens gedoen het. Aan die anderkant was daar teen 1899 goele individuele spelers op die dorp woonagtig wat vir klubs in Johannesburg gespeel het.<sup>69)</sup>

### 3.2.6 Polo en tennis

Wanneer die poloklub gestig is, kon nie bepaal word nie, maar in 1896 is

- 
- 63) Vergelyk die aantal Engelse vanne van spelers wat in 1891 in Johannesburg teen die Britse toerspan gespeel het. (D.H. Craven: a.w., p. 13).
- 64) L.E. Neame: a.w., pp. 80-81; G.A. Leyds: a.w., pp. 146-148.
- 65) Wedstryde tussen spanne van omliggende Krugersdorpse en Roodepoortse myne (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 7/3/96).
- 66) The Krugersdorp Standard, 4/3/99, 11/3/99.
- 67) Ibid., 1/7/99; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 9/5/96. Die veld was waarskynlik geleë waar die "Town School" vandag is. (Meegedeel deur mev. A. Dommisse, vroeër historikus van die Krugersdorpse Stadsraad).
- 68) The Krugersdorp Standard, 1/7/99.
- 69) B. Burger: a.w., p. 55.

ŉ vergadering gehou waartydens 'n aantal inwoners by die klub aangesluit het.<sup>70)</sup> Dr. Viljoen, 'n sportliefhebber was ook voorsitter, maar hy is later opgevolg deur W.M. Edwards.<sup>71)</sup> Die poloklub het 'n kortstondige bestaan gehad maar het in 1899 weer tot stand gekom.<sup>72)</sup>

Tennis was 'n ander sportsoort wat besonder gewild was. Gereelde liga-wedstryde is gespeel op die tennisbane wat in die huidige Derdestraat in Distrikspark geleë was.<sup>73)</sup> Mettertyd is 'n klubhuis opgerig en die gewildheid van die spel, veral op Sondae, het die gesondheidskomitee genoodsaak om kragtens die Wet teen Sondagsport sulke wedstryde te verbied.<sup>74)</sup> Die reaksie op die verbod het die botsende opvattinge tussen Afrikaners en die uitlanders oor sportbeoefeninge duidelik aan die lig gebring. Die sportlewe op Krugersdorp het dus sekere eienskappe vertoon wat dit vir die Afrikaner moeilik gemaak het om homself in die sportlewe te handhaaf. Sosiale betrekkinge is hierdeur bemoeilik sodat elke groep sy eie sportbedrywighede, wat eie aan sy kultuur was, ondersteun het. Dit blyk verder daaruit dat selfs sportsoorte soos snoeker,<sup>75)</sup> gholf<sup>76)</sup> en boks,<sup>77)</sup> wat tradisioneel vir die Afrikaner vreemd was, op Krugersdorp wye belangstelling geniet het.

- 
- 70) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 9/5/96.
  - 71) Ibid., 2/5/96.
  - 72) The Krugersdorp Standard, 4/3/99. Die baan was in die omgewing van die huidige Luipaardsvlei geleë.
  - 73) Meegedeel deur mev. A. Dommisse, vroeër historikus van die Krugersdorpse Stadsraad.
  - 74) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 16/5/96.
  - 75) Ibid., 2/5/96. In 1896 het die wêreldsnoekerkampioen, Roberts Krugersdorp besoek. (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 1/8/96).
  - 76) The Krugersdorp Standard, 3/6/99. Die gholfbaan was geleë waar Kroningspark later aangelê is, "and members are regularly putting in appearance at practices."
  - 77) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 18/4/96. 'n Oorsese bokser, George Cooper, wat Johannesburg vir 'n geveg besoek het, het sy voorbereidingswerk op Krugersdorp gedoen. Met sy daaglikske oefeninge het talle boksgeesdriftiges na die Varleys Hotel gekom.

### 3.3 Verenigingslewe

Die mynbevolking aan die Rand het uit verskillende bevolkingselemente bestaan, maar weens die getalle oorwig van Engelssprekende uitlanders, het die Engelse taal en kultuur 'n oorheersende faktor geword in die gemeenskapslewe van die myndorpe.<sup>78)</sup> Soos die geval was met georganiseerde sport, is die Britse kulturele oorheersing ook in Krugersdorp duidelik in die kuns, die vermaaklikheid en die verenigingslewe geopenbaar.<sup>79)</sup> Weens die Engelse se kultuurmeerderwaardigheidsgevoel het die verskillende verenigings hoofsaaklik die seksionele belang van die meerderheidsgroep gedien waardeur kulturele belangstelling, sosiale kontak en 'n groepsgees bevorder is wat 'n versterkende invloed op die Engelse kultuurgedagte gehad het.<sup>80)</sup>

Daarenteen wil dit nie sê dat die Afrikaner van Krugersdorp en distrik totaal afsydig teenoor hulle kultuureie gestaan het nie. Met beperkte getalle het hulle tog 'n bydrae gelewer. Die blaasorkes van die Krugersdorpse Vrywilligerskorps, wat gestig is deur die inisiatief van Afrikaanssprekendes,<sup>81)</sup> het konserte aangebied in die gees van Afrikanervermaak.<sup>82)</sup> Die periodieke Paardekraalfeesvieringe, waar die klem op die godsdiens, die volksbelange en die behoefte aan sinvolle ontspanning en wedywering gevall het,<sup>83)</sup> het onteenseglik baie beteken vir die kultuurlewe van Krugersdorp. Die feesvieringe was nasionale feeste en was nie net vir die Afrikaner van Krugersdorp alleen van belang nie, maar was nogtans geleenthede vir die Afrikaners van die dorp en die distrik om saam met volksgenote van oor die hele Transvaal saam te kom om die Geloofte na te kom en die kultuureie te ver-

78) A. Coetzee: a.w., pp. 74, 98.

79) Sien hieroor <sup>onder</sup>meer The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 28/2/96, 17/9/98, 24/9/98; The Krugersdorp Standard, 15/4/99.

80) Die versterkende invloed van die drama, koerantwese, perdewedrenne, musiek, sang, orkesuitvoerings. Ook die agitasie om 'n openbare biblioteek vir die dorp te kry. (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 28/2/96, 17/9/98; Ons Volk, 20/3/97, 5/6/97).

81) Ons Volk, 25/1/96: Die Korps is op 20 Januarie 1896 gestig.

82) Ibid., 22/8/96, 24/10/96, 1/9/97.

83) Vergelyk P.H. Kapp: a.w., pp. 52-57.

sterk.<sup>84)</sup> Die Majubafeesvieringe het ook in Krugersdorp 'n prominente rol gespeel om die Transvalers se militêre sukses in die Eerste Vryheidsoorlog in herinnering te roep.<sup>85)</sup> Sover vasgestel kon word, is die fees vir die eerste keer op 27 Februarie 1888 op 'n georganiseerde wyse op Krugersdorp gevier.<sup>86)</sup> 'n Feeskomitee is gestig en die fees het jaarliks 'n gevestigde instelling geword. In die feesverrigtinge het die Paardekraalmonument weer 'n besondere plek ingeneem, want die feesverrigtinge is rondom die monument gehou waar die klem op die militêre en vermaakklikheidsaspek gevall het.<sup>87)</sup> Die Majubafeesvieringe het 'n meer plaaslike karakter aange- neem, maar saam met die Paardekraalfeesvieringe, was Krugersdorp in die unieke posisie geplaas om as bymekaarkomplek van Afrikanervolksgenote te dien, waardeur dit wat eie was aan die Afrikanertradisie versterk kon word te midde van 'n vyandige uitlanderbevolking.

In 'n tydvak toe die bedreiging van 'n magtige wêreldkultuur huis op sy grootste was,<sup>88)</sup> het Krugersdorp wapenskoue, wat dikwels die karakter van 'n fees aangeneem het, gehou as bolwerk vir die monstering van die Afrikaner se politieke, godsdienstige en kulturele beskouing.<sup>89)</sup> Dit verklaar ook waarom Krugersdorp ten tye van die Paardekraalfeesvieringe die aandag van die uitlandergemeenskap geniet het. Aangevuur deur nuuskierigheid en

- 
- 84) Ibid., p. 56; D.W. Krüger: Paul Kruger II, p. 92; De Volkstem, 25/2/93, 23/1/95.
- 85) Ons Volk, 27/2/97; De Volkstem, 1/3/88.
- 86) De Volkstem, 1/3/88.
- 87) Ibid., Ons Volk, 27/2/97. Perdereisies, skyfskiet en wapenskoue.
- 88) Oor die betekenis van die Paardekraalfeesvieringe sien P.H. Kapp: a.w., pp. 56-57; De Volkstem, 1/12/91, 25/2/93.

politieke motiewe het hulle in groot getalle na Krugersdorp gekom.<sup>90)</sup> Daar het hulle 'n duidelike beeld van die Afrikaner se kultuurbeskouing gekry maar daarenteen is die kultuurverskille des te duideliker onderstreep.<sup>91)</sup> Aangesien dit moeilik is om te bepaal in hoeverre die Paardekraalverrigtinge 'n kulturele wisselwerking tussen die bevolkingsgroepe op die Rand tot gevolg gehad het, is dit aanvaarbaar dat wantroue en botsende politieke, godsdienstige en kultuurbeskouinge grootliks beklemtoon is.

Ook die verenigingslewe, wat 'n belangrike rol in die kultuurlewe van die dorp gespeel het, het deur middel van byeenkomste die seksionele belang van die verskillende bevolkingsgroepe gedien. Die Hollands-Afrikaanssprekende jeug het op 28 November 1895 'n "Christelike Jongelings Vereniging" gestig om diegene van Calvinistiese oortuiging bymekaar te bring.<sup>92)</sup> Ds. Becker, die plaaslike Nederduits Gereformeerde predikant is as voorsitter gekies en gereelde samekomste is gehou wat goed bygewoon was. Bybelvasvrakompetisies, sanguitvoerings en debatte oor kontensieuse onderwerpe was gewoonlik deel van die program.<sup>93)</sup> Debatsaande teen soortgelyke verenigings van ander plekke soos Roodepoort, het ook dikwels plaasgevind.<sup>94)</sup>

Op die terrein van die kerk was daar verder 'n "Armevereniging" werkzaam.<sup>95)</sup> Krugersdorp het net soos Johannesburg met 'n armblankevraag-

- 
- 90) Die politieke onrus na die Jameson-inval het groot belangstelling vir die 1896-fees gaande gemaak. Daar was 'n groot uit tog vanuit Johannesburg na Krugersdorp en teen 10.00 vm. op die dag van die fees, het meer as 500 mense plekke na Krugersdorp bespreek. Spesiale treine is ook van Johannesburg na Krugersdorp gereel. (The Star, 16/12/96). Tydens die onthulling van die monument in 1891 het groot getalle Johannesburgers die feesverrigtinge bygewoon. Die treine was oorvol en baie het te perd gereis. (The Standard and Diggers' News, 17/12/91).
- 91) D.W. Krüger: Paul Kruger II, pp. 90-91.
- 92) Ons Volk, 30/II/95.
- 93) Ibid., 22/8/96.
- 94) Ibid.
- 95) Ibid., 1/4/98. Die vereniging is in 1898 gestig.

stuk opgeskeep gesit en die groot getal ongeskooldes kon nie altyd 'n bestaan maak nie.<sup>96)</sup> Baie van hulle was dan ook in Burgershoop gevestig - 'n gedeelte wat deur die regering aan sodanige burgers beskikbaar gestel is.<sup>97)</sup> Die armoede en ellende van hierdie groep Afrikaners het in baie opsigte 'n groot kontras gevorm met die materiële voorspoed van sommige uitlanders op die myndorpe.<sup>98)</sup>

Musiek, teater en sang het ewe-eens in die negentigerjare 'n bloeitydperk beleef. Verenigings om die kunste te beoefen, het beslag gekry en daar-deur is die kultuurlewe in die dorp grootliks verryk. Die stittingsvergadering van verenigings, soos die "Sangvereniging"<sup>99)</sup> en "The Krugersdorp Orchestral Society" in September 1898 met G.F. Henderson as dirigent,<sup>100)</sup> het vanuit die staanspoor die ondersteuning van musiek- en sangliefhebbers geniet. Die orkesuitvoerings van "The Orchestral Society" is by meer as een geleentheid lof toegeswaai en die orkes is as 'n aangeswins vir die dorp beskryf.<sup>101)</sup> Toneelopvoerings was ook 'n gewilde tydverdryf van plaaslike amateurspelers en in April 1898 is "The Krugersdorp Amateur Theatrical Society"<sup>102)</sup> gestig. Alhoewel die vereniging 'n kortstondige bestaan gevoer het waens die uitbreek van die Oorlog in Oktober 1899, is 'n aantal opvoerings aangebied wat groot byval gevind het. Die blaasorkes van die Vrywilligerskorps het ook veel beteken vir die musieklewe op die dorp. Hulle het by verskillende geleenthede luister aan bepaalde verrigtinge verleen en die reeks opelugkonserte in die somermaande by die monument, waartydens viool, siter en klavieritems aangebied is,<sup>103)</sup> het gewoonlik baie goeie vermaak verskaf.<sup>104)</sup> Die orkes het uit lede van

96) Krugersdorp 8: Spesiale Landdros - Staatsekretaris, 26/9/99, 6/12/1900.

97) Ibid. Sien ook T.V.R., art. 940, 24/7/96.

98) Vergelyk C.L. Grimbeek: a.w., pp. 65-68; The Star, 26/3/97.

99) Ons Volk, 20/3/97.

100) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 10/9/98.

101) Ibid., 17/9/98.

102) The Krugersdorp Standard, 15/4/99. Daar was ook 'n drama- en sangvereniging, bekend as "The Drama and Choral Society" (The Krugersdorp Standard, 15/4/99).

103) Ons Volk, 22/8/96, 1/9/97.

104) Ibid., 25/7/96.

die Vrywilligerskorps bestaan, en om die orkes uit te bou is daar beroepe op plaaslike kunstenaars gedoen om by die Korps aan te sluit.<sup>105)</sup>

Die verskillende uitlanderbevolkingsgroepe het, soos wat oorl op die Rand gebruiklik was, op Krugersdorp ook hulle eie kulturele verenigings gestig om hulle seksionele belangte bevorder. Die Skotse gemeenskap was verenig in "The West Rand Caledonian Society" wat in 1898 gestig is.<sup>106)</sup> Die vereniging het hom beywer vir die uitbouing van Skotse tradisies, letterkunde, gewoontes en sosiale verkeer.

Hoe groot die Joodse gemeenskap op die dorp was is moeilik om te bepaal, maar in die breëre verband het hulle by die meerderheidsgroep, die Engelse kultuurgroep, aansluiting gevind.<sup>107)</sup> Ter bevordering van hulle seksionele belangte het hulle ewe-eens verenigings gehad om hulle kultuur te bevorder. 'n Tuk van die Zionistiese beweging is gestig<sup>108)</sup> en vir sosiale samesyn en vermaaklikheid volgens Joodse tradisies, is in 1899 'n "Jewish Benevolent Society" in die lewe geroep.<sup>109)</sup> Die vereniging het hom ook beywer vir die bevordering van onderwys aan Joodse kinders.

'n Vereniging wat nie op die kultuurakker werksaam was nie, was "The Krugersdorp Mercantile Association" wat in 1898 gestig is.<sup>110)</sup> Die vereniging het 'n bydrae probeer lewer tot die ekonomiese vooruitgang van Krugersdorp as handelsentrum en het hoofsaaklik uit Joodse en Engels-

---

105) Ibid.

106) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 24/9/98.

107) A. Coetzee: a.w., pp. 61-62 meen dat 'n minderheidsgroep maklik deurdrenk raak met die beginsels van die meerderheidsgroep.

108) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 4/6/98.

109) The Krugersdorp Standard, 28/2/99.

110) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 14/5/98.

sprekende sakelui bestaan. Die sakelui se positiewe bevordering van die sakelewe, was 'n bydraende faktor in die ontwikkeling van Krugersdorp tot 'n groot sakesentrum.<sup>III)</sup>

### 3.4 Kunslewe

Konsertbedrywighede was 'n algemene verskynsel op die dorp en het 'n belangrike faset van die kultuurlewe uitgemaak. Op die dorp was 'n aantal kunsliefhebbers wat 'n goeie kennis van die uitvoerende kunste gehad het. Die kennis is in die lande van herkoms opgedoen en is aangewend tot verrykking van die kunslewe. Hulle kontak met oorsese kunstenaars het die kunslewe verder verryk, want sulke kunstenaars wat in Johannesburg opgetree het, kon dikwels na die dorp gebring word.<sup>II2)</sup> Die besoek van Mark Twain in 1896 was vir die dorp 'n besondere geleentheid en sy optredes het dan ook vol sale gelok.<sup>II3)</sup>

Johannesburgse kunstenaars en vermaakklikheidsgroepe het deur besoeke aan Krugersdorp ook veel vir die konsertwese beteken. Fillis se Sirkus Vermaakklikheidsgeselskap het dikwels op die dorp opgetree<sup>II4)</sup> terwyl ook ander Johannesburgse sirkusgeselskappe die dorp gewoonlik in hulle toerprogram ingesluit het.<sup>II5)</sup> Die Johannesburgse komediant, Bob Bolder, het ook in 1898 op Krugersdorp opgetree en sy aanbiedinge is as "goed"<sup>II6)</sup> beskryf.

Hoewel die meeste optredes van besoekende kunstenaars gewoonlik van goeie gehalte was, het die Krugersdorpers hulle afkeur aan swakker aanbiedings deur swak bywoning by meer as een geleentheid geopenbaar.<sup>II7)</sup>

---

III) The Standard and Diggers' News, 27/10/99.

II2) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 30/5/96, 29/8/96.

II3) Ibid. Die sukses van die besoek het die hoop laat opvlam dat oorsese kunstenaars hulle reisplan in Krugersdorp moes begin voordat in Johannesburg opgetree sou word.

II4) Dit was een van die eerste sirkusgeselskappe in Johannesburg (L.E. Neame: a.w., p. 37).

II5) Ander sirkusgeselskappe soos die van Welby's, Freely en Godfrey het die dorp ook besoek (The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser 29/8/96; The Krugersdorp Standard 25/3/99).

II6) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 13/8/98.

II7) Ibid. 29/8/96.

"The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser" het hom hieroor as volg uitgelaat en daarop gewys dat "Krugersdorp should be educated in music and many other things" en dat "Krugersdorp's appreciation for talent seldom rises above a thirdrate comedy." Hierdie houding van die koerant was blykbaar daarop gemik om alles wat besoekende kunstenaars opgedis het met lofredes te besing.

Die verhoogkuns is verder bevorder deur konserte waarin van plaaslike talent gebruikgemaak <sup>118)</sup> is. Sake wat die gemeenskap na aan die hart gelê het, soos die kerkhof wat in 'n swak toestand was, het die dorpsel Kunstenaars aangespoor om deur konserte fondse in te samel vir opknapping. <sup>119)</sup> Die dinamietontploffing in 1896 in Johannesburg het 'n noodlenigingsfonds tot gevolg gehad waartoe Krugersdorp ruimskoots bygedra het met fondse wat deur konserte, waarin die dorpsel talent opgetree het, ingesamel <sup>120)</sup> is. <sup>121)</sup>

Die gebrek aan 'n behoorlike teatergebou om aan die verskillende kunsvorme reg te laat geskied, was 'n belemmerende faktor. Krugersdorp het in die Republiekinse tyd slegs oor twee sale, die Masonic in Ockersestraat en die Temperance beskik, waar alle aktiwiteite aangebied is. <sup>122)</sup> Beide sale was ongeskik vir die meer gesofistikeerde kunsvorme en die aankondiging van die eienaar van die Grand Hotel in 1898 dat voorbereidings vir die oprigting van 'n teatergebou voltooi is, is met groot waardering deur kunsliefhebbers ontvang. <sup>123)</sup>

---

118) Ibid.

119) Ons Volk, 24/10/96, 5/6/97.

120) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 16/5/96.

121) Ibid., 2/3/96.

122) Meegedeel deur mev. A. Domisse, vroeë historikus van die Krugersdorpse Stadsraad.

123) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 20/8/98.

### 3.5 Sosiaal en algemeen

Aan die beginjare van die dorp se bestaan, was geleenthede vir sosiale kontak maar skraps gewees. Daar was geen georganiseerde vermaak nie en die inwoners moes self vermaak organiseer wat sosiale verkeer moontlik kon maak.<sup>124)</sup> Namate die verenigingslewe en die kunste op dræefgekom het, is talle geleenthede geskep waar die inwoners bymekaar kon kom om sosiaal met mekaar te verkeer. Konserte en funksies van die verskillende verenigings het die inwoners in staat gestel om mekaar te leer ken en om mense met dieselfde belangstelling bymekaar te bring. Hierdeur kon vriendskapsbande gesmee word en samewerking tussen die dorpsinwoners uitgebou word<sup>125)</sup> wat tot die heil en voorspoed van Krugersdorp gedien het.

Aangesien die meeste Afrikaners op die platteland byna geen kontak met die Engelssprekende bevolking van die Rand gehad net nie, het sosiale verkeer nie plaasgevind nie. In Krugersdorp het die klein groepie Hollands-Afrikaanssprekende amptenare 'n groot bydrae gelewer om vriendskapsbande te smee en om spontaan met die anderstaliges te verkeer.<sup>126)</sup> Niteenstaande kultuurverskille en om nie in kulturele isolasie te verval nie, het die klein groepie amptenare grootliks aan die Engelsgeoriënteerde gemeenskaps- en kulturlewe meegedoen.<sup>127)</sup>

Die amptenare se opgaan in die kulturlewe, hulle goeie gesindheid en hulpvaardigheid teenoor die anderstaliges, het by meer as een geleentheid lof ontvang, want "for a more courteous, obliging or kindly lot of gentlemen, would be hard to find in any community."<sup>128)</sup> Op sosiale funksies, gehou deur die verskillende verenigings, was vername amptenare, soos die landdros en mynkommissaris, dikwels geëerde gaste.<sup>129)</sup> Danspartye

124) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

125) The Krugersdorp Standard, 7/1/99.

126) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

127) Ons Volk, 17/12/95; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 16/5/96.

128) The Standard and West Rand Review, 17/9/1937.

129) Ons Volk, 17/12/95.

is deur vooraanstaande amptenare bygewoon en samekomste om fondse, ten bate van verdienstelike sake, in te samel, is somtyds deur amptenare geloods.<sup>130)</sup> Die amptenare was dus die enigste wat 'n brug gevorm het waardeur die Afrikanerelement in die Britse sosiale lewe verteenwoordig is en sodoende is wedersydse begrip, respek en waardering tussen die bevolkingsgroepe op die dorp geskep wat selfs 'n kalmerende invloed op politieke gevoelens in die onstuimige jare voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog gehad het.<sup>131)</sup> Die waardering en goeie verhoudinge het, onder andere, geblyk toe daar in 1895 van sersant Tossel van die polisie afskeid geneem is by sy vertrek na Johannesburg om aldaar as hoofspearer diens te aanvaar. 'n Afskeidsgeselligheid is in die Varleys Hotel gehou waartydens 'n geskenk namens die dorp aan Tossel oorhandig is.<sup>132)</sup>

Aan die ander kant het die bevolkingsgroepe hulle volkstradisies en bande met die lande van herkoms op Krugersdorp nie vergeet nie. Samekomste is gehou wat volksgenote bymekaar gebring het. Die Hollandergemeenskap het die kroning van koningin Wilhelmina van die Nederlande nie ongesiens laat verbygaan nie. 'n Feesdag is op 31 Augustus 1895 in die Masonic Saal gehou waarheen alle Hollanders en oud-Hollanders uitgenooi is.<sup>133)</sup> Heildronke is op die Koningin en president Kruger ingestel en die Hollandergemeenskap het in groot getalle die verrigtinge bygewoon. Ook die Engelsegemeenskap het hulle patriotisme en trou aan die Britse kroon gebruik om gesellig saam te kom en om die kultuureie te versterk. Die herdenking van koningin Victoria se verjaarsdag in Mei 1899 is met groot opgewondenheid gevier terwyl baie sake-ondernehemings gesluit was.<sup>134)</sup> Anders as in Johannesburg waar die verjaarsdagvieringe deur ultra-Britsgesindes aangegryp

---

130) The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 10/9/95. (Fondse ten bate van die Victoria hospitaal).

131) The Krugersdorp Standard, 7/1/99, 24/6/99.

132) Ons Volk, 7/12/95.

133) Ibid., 27/8/98, 2/9/98.

134) The Krugersdorp Standard, 27/5/99.

<sup>135)</sup>

is om vyandigheid teenoor die Republiek te betuig, het die gebeurtenis op Krugersdorp sonder enige voorval plaasgevind. Die Afrikaner-gemeenskap het hulle verering en volksgevoel nie agterweé laat bly nie en die President se verjaarsdag is jaarliks gevier. Op 9 Desember 1895 is 'n dansparty gehou en 'n groot aantal dorpsinwoners het die verrigtinge bygewoon.<sup>136)</sup> Die wyse van vieringe het aangetoon in hoeverre vreemde invloede inslag gevind het in die Afrikaner van die myndorpe se kultuurbe-skouinge.

Die hoogtepunt van die sosiale bedrywighede op Krugersdorp, was die besoeke van die President veral ten tye van die Paardekraalfeesvieringe. Die President het by die verskillende feesvieringe as hoofspreker opgetree terwyl Krugersdorp sy gasvryheid aan die President en feesgangers aan-gebied het.<sup>137)</sup> Groot getalle burgers het die feesvieringe bygewoon en die feesprogramme het talle geleenthede vir vermaak en sosiale verkeer moontlik gemaak.<sup>138)</sup> Die dorpsinwoners en diegene van die platteland kon sodoende bymekaargebring word in die gees van die Afrikanertradisie en kon die Afrikaner van die myndorpe opnuut ingeskarp word in sy kulturele erfenis. Die Paardekraalvieringe was dus onlosmaaklik aan Krugersdorp verbonden want die dorp het deur die voorsiening van water en voedsel aan die feesgangers; deur die beplanning vir die besoeke van

---

135) The Standard and Diggers' News, 25/5/99.

136) Ons Volk, 17/12/95. In die distrik is Dingaansfees ook jaarliks gevier (The Star, 19/12/90).

137) Sien hieroor onder meer D.W. Krüger: Paul Kruger II, pp. 90-91; P.H. Kapp: a.w., p. 57; J.S. du Plessis: President Kruger aan die woord, pp. 83-106.

138) Tydens president Kruger se besoek vir die 1891-vieringe is 'n deftige onthaal vir hom aangebied. Die ontvangs van die President ten tye van die staatsfeeste, was ewe-eens luisterlik (The Standard and West Rand Review, 17/9/1937; The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 19/12/96; J. Botha: (Historia, p. 121).

139) P.H. Kapp: a.w., pp. 53-55; J. Botha: (Historia, p. 121); The Krugersdorp Times and West Rand Advertiser, 19/12/96.

president Kruger 'n groot rol in die organisasie van die feeste gespeel.  
Hierdeur is die Afrikaner in die dorp opnuut bewus gemaak van sy kultuur,  
godsdiens en sosiale gedragspatrone, te midde van 'n oorheersende Engels-  
georiënteerde kultuur en sosiale lewe.

Samevattend kan gesê word dat Krugersdorp as groeiende dorp vele ge-  
leenthede aan sy kosmopolitiese bevolkingsgroep gebied het om volgens  
hulle eie aard die sosiale lewe te bedryf. Deur die inisiatief en tot die  
krediet van die uitlanders, is daar binne 12 jaar na die stigting van die  
dorp aan byna al die sport, kultuur en sosiale behoeftes van die hoof-  
saaklik Engels-georiënteerde gemeenskap voorsien. Nog voor die uitbreek  
van die Anglo-Boereoorlog was die grondslag gelê vir 'n gevestigde en 'n  
bedrywige sport- en kultuurlewe en op dié grondslag is na die oorlog  
voortgebou.

- 
- 140) Die rol van spesiale landdros Human as lid van die feeskommis-  
sie kan ook vermeld word. Die gedagte om 'n monument rond-  
om of bo-oor die klipstapel van 1880 te bou, het in alle waar-  
skynlikheid ook by hom ontstaan (P.H. Kapp: a.w., p. 55).

---oOo---